



Finansies Beleid: Versekeringseise: riglyne en prosedures

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid vervat alle inligting met betrekking tot die US se versekeringsdekking.
Goedgekeur deur:	Finansies Komitee
Goedkeuringsdatum:	2009
Implementeringsdatum:	2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Versekeringsdekking, Versekerde Bates
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

US RIGLYNE EN PROSEDURES VIR VERSEKERINGSEISE

Bestek: Die beleid vervat alle inligting met betrekking tot die US se versekeringsdekking.

Beleidnommer: 035A/06/04

Beleid:

1. INLEIDING

Die Universiteit Stellenbosch beskik oor 'n omvattende versekeringsportefeulje. Die doel hiermee is om, sover redelik moontlik, toe te sien dat alle versekerbare risiko's binne die US voldoende dekking geniet. 'n Volledige opsomming van die US se versekeringspolis en die voorwaardes daaraan gekoppel, is beskikbaar op aanvraag by die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur. Die portefeulje word bestuur binne Finansies, deur die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur, in samewerking met die US se versekeringsmakelaars, wat elke 5-jaar deur middel van 'n formele tenderprosedure aangestel word.

Ten einde effektiewe dekking van alle versekerbare risiko's te verseker, moet alle versekering gereël en gekoördineer word deur die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur, en mag geen afdeling/departement enige versekeringsdekking reël sonder dat dit goedgekeur is deur die verantwoordelike persoon by die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur nie. Die US se Versekeringsmakelaars is tans Alexander Forbes Risikodienste, soos aangestel vir 'n 5-jaar periode met ingang 2006, met inagneming van die voorwaardes soos gestel deur die RBS tydens die goedkeuringsbesluit met betrekking tot die aanstelling van die makelaars.

2. BATE VERSEKERING

2.1 VERSEKERDE BATES

2.1.1 US BATES

Alle US bates word gedek teen brand- en verwante gevare deur die US se Bate Alle Risikoversekeringspolis.

Bates word slegs gedek indien dit aangedui word op die amptelike bateregister van die US, soos bestuur op die Sentrale Rekenaarstelsel deur middel van program EBR001P. Ten einde die US se versekerde waardes jaarliks korrek aan die Versekerers te verklaar, is dit noodsaaklik dat elke Departement en Afdeling se bateregister jaarliks gesertifiseer word. Slegs items wat op die bateregister verskyn, word verseker, enige nie-bate items wat verseker moet word (byvoorbeeld navorsingsmateriaal en boeke), kan op die bateregister geplaas word onder die afdeling: Versekerbare nie-bate items (globale beraming). Die bedrag waarteen bates verseker word, is die vervangingswaarde soos aangedui op die bateregister.

Indien enige addisionele versekering verlang word ten opsigte van bates wat nie deur die US polis gedek word nie, moet dit deur die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur gereël word. Enige premies betaalbaar vir hierdie addisionele versekering, is die verantwoordelikheid van die Departement of Afdeling wat die addisionele dekking versoek het.

2.1.2 GELEENDE BATES

Die US verseker ook van tyd tot tyd toerusting of ander bates wat van 'n derdeparty geleen word vir amptelike doeleindes. Die toerusting sal slegs verseker word indien daar 'n formele, skriftelike ooreenkoms tussen die US en die derdeparty bestaan. 'n Afskrif van die ooreenkoms moet aan die verantwoordelike persoon by die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur gestuur word, en die volgende inligting moet in die dokument verskyn:

- Volledige beskrywing van die bates wat geleen word
- Vervangingswaarde (d.w.s. die waarde waarteen die bates verseker moet word) van die bates.
- Tydperk van versekering – LET WEL: Geleende bates word slegs verseker in soverre dit binne die sorg van die US, en dus van 'n amptelike werknemer van die US is.

2.1.3 BATES IN TRANSITO

Alle US bates in transito sal gedek wees onder dieselfde voorwaardes as wanneer dit op kampus gebruik word, mits dit op die Bateregister as in transito aangedui is. Die bate word as sodanig aangedui deur gebruik te maak van program EBR050P. Die prosedure hiervoor volg hieronder:

- Die aanvrager voltooi program EBR050P waarin aansoek gedoen word om 'n bate vir 'n bepaalde periode op 'n ander plek te gebruik as die lokaal/gebou waar die bate op die bateregister aangedui is.
- Die versoek word goedgekeur of afgekeur deur die betrokke omgewingshoof of die persoon behoorlik daartoe gemagtig deur die omgewingshoof, deur EBR051P uit te voer. Let asseblief daarop dat, indien die goedkeuringsfunksie gedelegeer is, die gedelegeerde se US nommer as "goedkeur" US nommer voltooi moet word. Die program stuur outomaties 'n e-pos aan die persoon wat die transaksie moet goedkeur.
- Indien die transaksie se einddatum vervroeg word, word program EBR053P voltooi.
- Navraag ten opsigte van bates in transito word gedoen deur program EBR055P uit te voer.

2.2 VERSEKERING TEEN DIEFSTAL

Met ingang van 1 Januarie 2003 is omgewings self verantwoordelik vir die vervanging van gesteelde items, waar geforseerde toegang nie ter sprake is nie aangesien hierdie tipe dekking duurder is as om dit op 'n selfversekeringsbasis te hanteer. Vir rekorddoeleindes, bly dit egter noodsaaklik dat sodanige verliese steeds by die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur aangemeld word. Hierdie beleid is van toepassing op kantoor- en/of laboratoriumtoerusting, asook alle toerusting in transito, en dit is dus belangrik dat gebruikers sal toesien dat bates binne die spesifieke omgewing behoorlik beveilig word.

Geforseerde toegang word as volg gedefinieer:

"Verlies van of skade aan inhoud (die eiendom van die versekerde, of waarvoor hy/sy verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel weens diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld."

Die US se versekering bied dekking ten opsigte van diefstal met geforseerde toegang, selfs al is die toerusting nie op die US se versekerde persele nie, maar dan word daar van die gebruiker verwag om die nodige sorg aan die dag te lê om toe te sien dat toerusting beveilig is en op die stelsel as bates in transito aangeteken is (verwys 2.1.3).

Indien 'n diefstal-eis nie aan die voorwaardes vir geforseerde toegang voldoen nie, maar dit wil voorkom asof dit nie aan nalatigheid toegeskryf kan word nie, of dat daar spesiale omstandighede is wat in ag geneem moet word, sal die eis na die Senior Direkteur: Finansies en Batebestuur verwys word vir oorweging vir uitbetaling.

Vir die volledige prosedure ten opsigte van die aanmelding van diefstal-eise, sien aflaaibare dokument op die webtuiste van die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur.

2.3 BEVEILIGING VAN SKOOTREKENAARS

Skootrekenaars is 'n maklike diefstal teiken en die risiko word groter wanneer die toerusting vervoer en buite die grense van die kampus gebruik word. Let asseblief op die volgende riglyne wat in samewerking met die US se Afdeling Informatietegnologie opgestel is:

- Die program EBR050P moet gebruik word om die elektroniese voltooiing te doen, en deur die aangewese persoon goedgekeur (EBR051P) word voordat u die skootrekenaar huis toe neem of buite die kampus gebruik.
- Sorg dat die skootrekenaar-inligting, naamlik die batenommer, beskrywing en vervangingswaarde korrek aangedui word op die bateregister.
- Sorg dat die skootrekenaar met 'n kabelslot beveilig is wanneer u dit in u kantoor los (die slot pas op 'n spesiale kabelslot gleuf wat op alle nuwer skootrekenaars aanwesig is).
- Sorg dat die skootrekenaar in 'n goeie dratas vervoer word wat dit teen die ergste stampe en skokke beskerm.
- Op 'n vliegtuig, hou die skootrekenaar altyd in u handbagasie onder u eie toesig.
- Die skootrekenaar moet nooit onbewaak in 'n motor gelos word nie, sluit dit verkieslik in die bagasiebak toe.

3. MOTORVLOOT- EN HUURMOTORVERSEKERING

3.1 VERSEKERDE VOERTUIE

- Departementele- / Afdelingsvoertuie wat bestuur word deur die US se Voertuigvloot.
- Leen-/Borgvoertuie waarvoor spesiale reëlings getref is met die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur.
- Alle voertuie wat deur die US Voertuigvloot bespreek word.
- Alle huurmotors vanaf die US se amptelike diensverskaffers wat deur die US se aankopstelsel bespreek is.

3.2 ALGEMENE VOORWAARDES VAN VERSEKERING

- Die bestuurder van die voertuig moet oor 'n geldige rybewys, wat minstens een jaar oud is, beskik en dit op aanvraag kan toon.
- Voertuie is slegs verseker in soverre dit vir amptelike doeleindes gebruik word. Geen voertuig word deur die US verseker indien dit vir privaatdoeleindes aangewend word nie.
- Indien 'n privaatvoertuig vir amptelike doeleindes gebruik word, moet die motoreienaar verseker dat sy/haar versekeraar ingelig is oor die aard van die gebruik.

3.3 OMVANG VAN DEKKING

Voertuie word gedek teen skade aan die voertuig as gevolg van botsings, skade aan windskerms, diefstal van die voertuig, inbraak by die voertuig, asook enige aanspreeklikheid wat spesifiek betrekking het. Dit sluit

ook in enige eise wat ontstaan wanneer motors wat deur die US verseker word, skade veroorsaak aan enige eiendom wat aan 'n ander party behoort.

3.4 BESTUURDERS- EN PASSASIERSAANSPREEKLIKHEID

Die US se motorversekering is slegs van toepassing wanneer daar van die Universiteit se versekerde voertuie gebruik gemaak word soos in punt 3.1 gelys.

3.4.1 BESTUURDERSAANSPREEKLIKHEID

Uitbetaling deur die versekering kan geweier word indien daar bevind word dat een of meer van die volgende omstandighede (wat nie allesomvattend is nie) aanleiding tot die aanspreeklikheid gegee het:

Die bestuurder:

- (i) het nie 'n geldige lisensie het nie,
- (ii) het die voertuig op 'n roekelose of nalatige wyse bestuur,
- (iii) het van die landswette oortree,
- (iv) was onder die invloed van alkohol of 'n ander bedwelmingsmiddel,
- (v) het die voertuig nie in die uitvoering van sy/haar werkgewer se opdragte en in die werkgewer se diens bestuur nie.

Bestuurders wat landswette oortree, is self verantwoordelik vir die boetes wat hulle opgelê mag word.

3.4.2 PASSASIERSAANSPREEKLIKHEID

Indien die bestuurder 'n ongeluk maak en van die medepassasiers en ander derde partye is beseer, en daar kan nie nalatigheid aan die kant van die bestuurder bewys word nie, kan daar nie 'n eis teen hom/haar ingestel word nie.

Indien daar wel nalatigheid bewys kan word aan die kant van die bestuurder, kan daar wel 'n eis by die Padongeluksfonds (POF) ingestel word:

PADONGELUKFONDS (POF)

Die volgende beduidende wysigings is op 1 Augustus 2008 aan die POF aangebring:

- Die foutgebaseerde stelsel is behou – die beseerde party moet die fout aan die kant van 'n ander party bewys.
- POF-vergoedingsvlakke is aansienlik verlaag. Mediese uitgawes word teen openbare gesondheidsinstansies betaal (behalwe in die geval van nood-mediese uitgawes wat hoër kan wees).
- Verlies aan inkomste-eise word beperk tot R160 000 per jaar. Verlies aan ondersteuningseise deur afhanklikes, is ook beperk tot R160 000 per jaar ten opsigte van elke verlore broodwinner. Die limiete sal kwartaallikse vir inflasie verhoog word en in die Staatskoerant aangekondig word.
- Algemene skade (soos pyn en lyding) word beperk tot dit wat ontstaan uit “ernstige beserings” wat geassesseer sal word deur 'n benoemde mediese praktisyn wat relevant is wat betref die omstandighede van die beseerde persoon.
- Beseerde lede van dieselfde huishouding as die bestuurder, sal kragtens hierdie wet nie meer uitgesluit word van vergoeding nie.

- Vergoeding vir sekondêre emosionele skok soos ervaar deur ooggetuies of naasbestaandes, sal nie langer deur die fonds voorsien word nie, maar kan deur die gemene reg nagestreef word.
- Die statutêre beperkings op gemene reg-verhaalregte teen bestuurders, hulle werkgewers of voertuigeienaars word behou (tensy die fonds nie in staat is om enigsins enige vergoedingsbedrag te betaal nie).
- Die vergoedingslimiet van R25 000 vir sekere kategorieë passasiers bestaan nie meer nie.
- In vergoedingskikkings wat met die fonds ooreengekom word, is party en partyregskostes nie meer bedingbaar nie en moet apart deur 'n hof beslis word.
- Die POF kan in sekere omstandighede van die bestuurder of eienaar van die voertuig sy kostes verhaal byvoorbeeld in geval van:
 - a. 'n Ongelisensieerde bestuurder.
 - b. Dronkbestuur of bestuur onder die invloed van dwelmmiddels.
 - c. Valse verklaring ten opsigte van ongeluk aan die POF.
 - d. Versuim om die POF nie binne 14 dae na die ongeluk, waar beserings betrokke is, daarvan te verwittig nie.

Vir die volledige prosedure ten opsigte van die aanmelding van motorvloot en huurmotoreise, sien aflaaibare dokument op die webtuiste van die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur.

4. STUDENTE- EN DERDEPARTY EISE

Enige insident of voorval waarin 'n derdeparty of student en/of sy/haar eiendom skade gelei het, wat mag lei tot 'n moontlike versekeringseis, moet onmiddellik by die Afdeling Risiko- en Beskermingsdienste aangemeld word. Daarna moet die verantwoordelike persoon by die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur in kennis gestel word van die insident. Alle korrespondensie ten opsigte van die insident moet ook na die verantwoordelike persoon verwys word.

Die verantwoordelike persoon by die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur, sal alle eise verwys na die US se versekeraars. Slegs wanneer die eis deur die Versekeraars afgekeur word of binne die bybetaling val, kan die eis deur die US oorweeg word vir uitbetaling, volgens die oordeel van die gemagtigde persone/liggame soos hieronder uiteengesit.

Alle eise tot R100 000 mag goedgekeur word deur die Senior Direkteur: Finansies en Batebestuur of deur die Hoofdirekteur: Finansies. Eise van R100 001 tot R500 000 mag goedgekeur word deur die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies. Eise groter as R500 000 moet aan die Rektor se Bestuurskomitee voorgelê word.

Vir die volledige prosedure ten opsigte van die aanmelding van studente- en derdeparty-eise, sien aflaaibare dokument op die webtuiste van die Afdeling: Finansiële Beplanning en Batebestuur.

Kontakafdeling:

Finansiële Beplanning en Batebestuur

Tel: 021 808 4543

E-pos: finbeplan@sun.ac.za